



# WISKUNDE

Graad 6

Week 4  
11 – 15  
Mei 2020




# INSTRUKSIES

---

- Voltooi alle werk in jou algemene werkboek of enige ander papier/boek vir veilige bewaring.
- Rooi departementele boeke moet ook voltooid wees tot en met bladsy 93. Ouers kan op bladsy 93 teken tot erkenning van leerders se vordering
- Maak van elke geleentheid 'n leergeleentheid.

# Wiskunde is pret



Gebruik die memorandums om jou wiskunde takies van verlede week te kontroleer.  
Doen verbeteringe.  
*(Vra vir mamma of papa om jou by te staan)*

# Los vermenigvuldigingsomme op

Met al ons gereedskap in ons gereedskapboks is ons nou gereed om vermenigvuldigingsomme op te los.



Vermenigvuldigingsomme kan opgelos word deur die gebruik van:

- Verdubbeling en halvering (soos reeds behandel)
- Optelling en aftrekking om getalle binne hakies op te breek
- Faktore om getalle op te breek
- Die vertikale kolommetode



## Verdubbeling en halvering

$$16 \times 401$$

$$= 8 \times 802$$

(halveer 16; verdubbel 401)

$$= 4 \times 1\,604$$

(halveer 8; verdubbel 802)

$$= 2 \times 3\,208$$

(halveer 4; verdubbel 1604)

$$= 6\,416$$


## Gebruik optel en aftrek om getalle binne hakies op te breek

\* Distributiewe eienskap van vermenigvuldiging word toegepas

$$\begin{aligned}
 &19 \times 258 \\
 &= 19 \times (200 + 50 + 8) \\
 &= (19 \times 200) + (19 \times 50) + (19 \times 8) \\
 &= 3\,800 + 950 + 152 \\
 &= 4902
 \end{aligned}$$

of

$$\begin{aligned}
 &258 \times 19 \\
 &= 258 \times (20 - 1) \quad (\text{onthou } 19 = 20 - 1) \\
 &= (258 \times 20) - (258 \times 1) \\
 &= 5160 - 258 \\
 &= 4902
 \end{aligned}$$



Aktiwiteit 4 bl. 99 no. 2 a - d

2. *Bereken deur op te tel en af te trek binne hakies:*

a)  $154 \times 18$

b)  $22 \times 845$

c)  $320 \times 33$

d)  $43 \times 452$

## Gebruik faktore om getalle op te breek

\* 'n Faktor van 'n heelgetal deel presies in die getal in, sonder 'n res.

$$382 \times 42$$

$$= 382 \times 7 \times 6$$

$$= 2674 \times 6$$

$$= 16\,044$$





Aktiwiteit 4 bl. 99 no. 3 a en d

3. *Bereken deur faktore te gebruik om getalle op te breek:*

a)  $356 \times 14$

b)  $28 \times 758$

## Vertikale kolommetode

### Voorbeeld 1:

$$\begin{array}{r}
 4\ 5\ 3\ 6 \\
 \times \quad 8 \\
 \hline
 4\ 8 \\
 2\ 4\ 0 \\
 4\ 0\ 0\ 0 \\
 +\ 3\ 2\ 0\ 0\ 0 \\
 \hline
 3\ 6\ 2\ 8\ 8
 \end{array}$$

$(8 \times 6)$   
 $(8 \times 30)$   
 $(8 \times 500)$   
 $(8 \times 4\ 000)$

### Voorbeeld 2:

$$\begin{array}{r}
 2\ 8\ 4\ 3 \\
 \times \quad 2\ 8 \\
 \hline
 2\ 2\ 7\ 4\ 4 \\
 +\ 5\ 6\ 8\ 6\ 0 \\
 \hline
 7\ 9\ 6\ 0\ 4
 \end{array}$$

$(8 \times 2\ 843)$   
 $(20 \times 2\ 843)$

### Hulp

<https://www.youtube.com/watch?v=FJ5qLWVP3Fqo>

<https://www.youtube.com/watch?v=RVYwunbpMHA>



## Aktiwiteit 5 bl. 100 no. 1 tot 4

*Bereken:*

1)  $1\,794 \times 4$

2)  $2\,029 \times 5$

3)  $3\,755 \times 6$

4)  $7\,375 \times 7$

## Aktiwiteit 6 bl. 101 no. 1, 8, 15 en 18

*Bereken:*

1)  $1\,802 \times 11$

8)  $8\,752 \times 18$

15)  $6\,849 \times 76$

18)  $7\,375 \times 7$



## Aktiwiteit 7 bl. 101-102 no. 2; 3a en d; 4b, c en f

*Los op:*

- 2) 'n TV – stel kom in drie modelle voor: klein (K), medium (M) en groot (G).
- a) Lumka koop ag model M TV-stele vir haar gastehuis. Hoeveel moet sy betaal?
- b) Khaya koop ses model G TV-stele vir sy sportkroeg. Hoeveel gaan hy betaal.
- c) 'n Hoteleienaar koop 12 model G TV-stele en 24 model K TV-stelle. Watter kopie was die duurste?

**Model K kos R2 549**  
**Model M kos R3 999**  
**Model G kos R5 499**



## Aktiwiteit 7 bl. 101-102 no. 2; 3a en d; 4b, c en f

Los op:

3) Daar is 3 600 sekondes in een uur. Hoeveel sekondes is daar in:

a) 11 ure

b) 1 dag



4) 'n Houer bevat 1 012 verfballetjies. Hoeveel verfballetjies is nodig om die volgende vol te maak:

b) 7 houters


c) 11 houters

f) 25 houters



# Eenheid 2.6 Deling (3-syfer deur 2-syfer)

## Deling deur 10, 100 en 1000



Wat gebeur met 'n getal wanneer dit deel deur 10, 100 en 1000.






Aktiwiteit 2 bl. 122 no. 1; 2a - c

1. Kyk na die vloeidiagram op die vorige skyfie.

Wat gebeur met die waardes van die syfers van 'n getal wanneer jy dit:

- a) deel deur 10
- b) deel deur 100
- c) deel deur 1000



Aktiwiteit 2 bl. 122 no. 1; 2a - c

2. Bereken:

a)  $2\,000 \div 10$

$2\,000 \div 100$

$2\,000 \div 1\,000$

b)  $50\,000 \div 10$

$50\,000 \div 100$

$50\,000 \div 1\,000$

c)  $800\,000 \div 10$

$800\,000 \div 100$

$800\,000 \div 1\,000$



## Deling van ene deur 10, 100 en 1000

|      | Duisende |   |   | Ene |   |   |
|------|----------|---|---|-----|---|---|
|      | H        | T | E | H   | T | E |
|      | 6        | 5 | 4 | 3   | 2 | 0 |
| ÷ 10 |          | 6 | 5 | 4   | 3 | 2 |

Wanneer die getal 654 320 deur 10 gedeel word verskuif elke syfer een kolom na regs omdat sy waarde 10 keer verminder.

# Deling van ene deur 10, 100 en 1000

|      | Duisende |    |   | Ene |   |   | , | tiendes | honderdstes | duisendstes |
|------|----------|----|---|-----|---|---|---|---------|-------------|-------------|
|      | HD       | TD | D | H   | T | E | , | t       | h           | d           |
|      | 6        | 5  | 4 | 3   | 2 | 0 | , |         |             |             |
| ÷ 10 |          | 6  | 5 | 4   | 3 | 2 | , | 0       |             |             |



In Eenheid 2.8 sal jy leer dat, in die desimale stelsel, jy die volgende kan skryf:

- $\frac{1}{10}$  as 0,1;  $\frac{2}{10}$  as 0,2;  $\frac{3}{10}$  as 0,3;  $\frac{4}{10}$  as 0,4;  $\frac{5}{10}$  as 0,5; *ens.*
- $\frac{1}{100}$  as 0,01;  $\frac{2}{100}$  as 0,02;  $\frac{3}{100}$  as 0,03;  $\frac{4}{100}$  as 0,04;  $\frac{5}{100}$  as 0,05; *ens.*
- $\frac{1}{1000}$  as 0,001;  $\frac{2}{1000}$  as 0,002;  $\frac{3}{1000}$  as 0,003;  $\frac{4}{1000}$  as 0,004;  $\frac{5}{1000}$  as 0,005; *ens.*

# Deling van ene deur 10, 100 en 1000

## Aktiwiteit 3 bl. 123 no. 1 en 2

1. In Tabel 2 word die getal 654 321 deur 10 gedeel.

Tabel 2

|      | Duisende |   |   | Ene |   |   |   |  |  |
|------|----------|---|---|-----|---|---|---|--|--|
|      | H        | T | E | H   | T | E |   |  |  |
|      | 6        | 5 | 4 | 3   | 2 | 1 |   |  |  |
| ÷ 10 |          | 6 | 5 | 4   | 3 | 2 | 1 |  |  |

- Wat gebeur met die posisie van elke syfer?
- Waar kom die 1 buitekant Tabel 2 vandaan?
- Verduidelik die betekenis van die 1 buitekant Tabel 2.








## Deling van ene deur 10, 100 en 1000

### Aktiwiteit 3 bl. 123 no. 1 en 2

2. Maak afskrifte van die vloedigramme in jou oefeningboek en voltooi dit.







**GENIET JULLE  
NAWEEK EN BLY  
VEILIG!**

